

26 Mei Joël 2:28-32

(Teks: 2:28)

Die nuwe bedeling van die Gees

Joël worstel eers met die probleme van sy dag naamlik sprinkane en droogte. Dan profeteer hy van die leraar tot geregtigheid en 'n tyd van oorvloed (2:23-27). Dit is 'n heenwysing na die seën in Christus. Daarna volg 'n nuwe bedeling van die Heilige Gees.

Die HERE gaan sy Gees uitstort op alle vlees. Joël het die karakter van die nuwe bedeling egter so mooi geskilder. Die Gees sal *uitgestort* word. Die Gees was altyd daar maar Hy het meestal in die ou bedeling soos sagte reën neergestuif. In die nuwe bedeling word Hy uitgegiet soos reën in 'n wolkbreuk (vergelyk Jes. 32:15). Daar sal nooit weer 'n watertekort wees nie. Die Gees van God sal altyd by ons wees. Die vervulling het na die hemelvaart op Pinkster plaasgevind.

Hy word uitgegiet op *alle vlees*. Die Geestelike werking sal nie net tot een volk beperk wees nie. Alle volke sal die seën van die Gees ontvang. Die evangelie sal aan alle nasies verkondig word. Hy werk ook nie net in besondere ampte of openbare figure nie. Julle seuns en dogters sal profeteer, die ou mense sal drome droom en die jongmense sal visioene sien.

Hoe bevoorreg is ons nie? Ons almal, groot en klein, kan vir mekaar en vir ander van die goedheid van die HERE vertel. Ons kan mekaar toeroep dat die HERE in Christus ons God is. Ons kan drome droom want daar is 'n nuwe toekoms. Ons hoef nie te versand in 'n onvrugbare daaglikse roetine nie. Die visioen van 'n toekomstige heerlijkheid by die wederkoms van Christus bring nuwe hoop. Die Gees oortuig ons van die oorvloed van God se seëninge.

Sing Ps. 72:3 en 4

Prof. F.N. Lion-Cachet (Emeritus)